# Komplementêre vakdissiplines 715 (MBK 715)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 27.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Sport- en Vryetydstudies |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Hierdie module vervang MBK 714 en is slegs beskikbaar vir BA(MBK)Hons- studente met spesialisering in biokinetika.

Na afloop van hierdie module sal die student onderrig wees in sportvisie, podiatrie, etiek en finansiële bestuur en daartoe in staat wees om dit in die praktyk te kan toepas.

- Sportvisie: Die student sal oor algemene kennis beskik rakende die verskillende sportvisietoetse, die interpretasie daarvan en die voorskryf van inoefeningsprogramme.
- Podiatrie: Die student sal oor algemene kennis beskik rakende stylanalise, die identifisering van verskillende voetprobleme en die voorskryf van korrekte skoene en rehabilitatiewe inoefeningsprogramme.
- Etiek: Die toekoms en beroepsgeleenthede binne sport en biokinetika, sportmanskap, sport en etiek, sport en prestasiemiddels, sport en tegnologie.
- Finansiële bestuur: Wanneer die biokinetikus die praktyk betree, word hy/sy in wese sakeman wat hom/haar in die ekonomiese sektor bevind. Hierdie module is daarop gemik om die basiese beginsels van ondernemingsbestuur, finansiële bestuur en inkomsbelasting op sinvolle wyse aan die student wat die praktyk gaan betree, aan te bied.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.